# St. Martin van Tours

## 11 November

(ca. 317-397)



Frankryk se gewildste heilige was ‘n soldaat in die Romeinse leërmag. Op ‘n ysige winternag, met die ryp dik op die grond, was hy op wagdiens by die stadspoort, toe daar ’n armoedige halfnaak man aankom. Toe Martin gewaar hoe die verbygangers dié bedelaar ignoreer, het hy sy dik kleed in twee geskeur en die een helfte aan die armsalige skepsel gegee. Dieselfde nag verskyn die Here Jesus, met die gelaatstrekke van die bedelaar, aan hom. Martin kon sien hoe die helfte van sy kleed die Here se skouers bedek. Dié ervaring lei tot Martin se bekering en hy word deur die bekende Hilarius, biskop Poitiers, in die Christelike geloof onderrig. Later stig hy die eerste klooster in Frankryk ( by Ligugé). Uiteindelik word hy aangestel as biskop van Tours en versprei hy die Evangelie deur die sentrale gebiede van Frankryk.

© Die Oratorium Uitgewery